

# Lekkerbekkie Nuusbrief

13 MEI 2015 | UITGAWE 99



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Drie maats gaan see toe
- \* Produk van die week: Bybelstories vir kleuters!
- \* Inkleurentjie: Drie maats gaan see toe

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Drie maats gaan see toe deur Corlie Putter

Een oggend sit drie maats onder 'n boom. Hulle is verveeld. Wat kan hulle doen wat lekker is? Hulle sien 'n bussie wat in die straat staan. Al die diertjies binne in die bussie lyk baie opgewonde. "Waarheen gaan julle?" vra die hondjie.

"Ons gaan see toe!" roep die diertjies in die bussie opgewonde uit.

"Ek was nog nooit by die see nie," sê die vissie.

"Ek ook nie," sê die katjie.

"Kom ons gaan óók see toe!" sê die hondjie. "Ek wil sien hoe die see lyk!"

Die drie maats gaan pak hulle tassies. Die katjie vat 'n blikkie vis vir padkos, die hondjie pak sy slaapbeertjie in, en die vissie kry sy onderwater-kamera. Hy wil gaan fotos neem van die see! Met hulle tassies styf in hulle pootjies en vinnetjies, stap die drie maats in die straat af see toe. Hulle stap en stap maar kom nie by die see uit nie! Die see is ver. "Miskien moet ons eerder met 'n karretjie ry?" kerm die hondjie.

In die tuin staan 'n speelgoedkarretjie onder die boom. Die drie maats spring in. Hulle sit op die agterste sitplek en wag vir die karretjie om see toe te ry, maar niks gebeur nie! "Hierdie karretjie vat baie lank om by die see te kom," sug die hondjie.

Net toe vlieg 'n vliegtuig laag oor die bome. Toe hy naby hulle verbykom, spring die drie maats bo-op die vliegtuig se dak. Die kaptein loer uit. "Wat maak julle?" vra hy.

"Ons vlieg see toe met jou vliegtuig!" roep die drie maats, maar die kaptein skud sy kop. "Hierdie is 'n ruimtetuig – nie 'n vliegtuig nie! En ek gaan nie see toe nie. Ek gaan maan toe!"

Vinnig spring die drie maats weer af. Hulle wil nie maan toe gaan nie! Maar hoe gaan hulle nou by die see kom? Net toe kom 'n vinnige trein daar verby. Dis die trein wat see toe gaan! Jippie! Hulle klim op, en daar trek die trein. Maar o aarde, die geskommel van die trein maak hulle vaak, en sommer gou snork die drie maats hard!

Die trein stop by die see, maar niemand klim af nie. Toe ry die trein maar weer huis toe. By die huis skrik die drie maats wakker. Hulle kyk by die venstertjie uit. "Die see lyk glad nie soos ek gedink het nie!" sug die hondjie. "Hier is dan nie sand of branders nie! Dis vervelig! Ek dink ons moet maar aan iets anders dink om te doen."

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!

**Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

## Produk van die week

# Bybelstories met aktiwiteite vir ons klein maatjies!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

Soveel van ons kliënte wat die Bybel Buddies reeks geniet het, het gevra vir soortgelyke stories vir jonger kinders. Hierdie week verskyn ons splinternuwe Bybel-CD "My Bybel-Bersie" in Afrikaans EN Engels ("My Bible-Blankie")! Die CD bevat 8 lekkerluisterstories uit die Ou Testament - in maklike, kindervriendelike taal voorgelees, propvol lewendige byklanke om jong kleuters se aandag vas te vang. Die CD kom ook saam met 'n heerlike A4 pretpak met 8 inkleurprente oor die stories. Koop jou Bybel-Bersie CD + Pretpak vóór 18 Mei @ slegs R100 (Afrikaans of Engels)! Gewone pryse: CD R95 | Pretpak R20 - spaar R15 – by enige AnnaEmm agent -of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area.



## Bybelstories vir klein maatjies...

Maklike, kort luisterstories vir 2-5 jariges!

**MY BYBEL-BERSIE** is 'n splinternuwe CD deur Anna Emm ...met 8 lekkerluisterstories uit die Bybel - spesiaal vir ons heel kleinste maatjies!

Maklike, kindervriendelike taal en lewendige byklanke om beginner-luisteraartjies se aandag vas te vang.

Stories op die CD:

1. God maak alles
2. Noag se ark
3. Moses in die mandjie
4. 'n Pad deur die see
5. Hanna vra vir 'n kindjie
6. Dawid en Goliat
7. Daniël in die leeuuil
8. Jona en die groot vis

ALSO AVAILABLE IN ENGLISH!



Ag 8 kort Bybelstories vir 2-5 jariges  
Eerste treetjies deur die Bybel!



Spesiale aanbod:  
Kry jou  
Bybel-Bersie CD + A4 Pretpak  
@ slegs R100!

Gewoonlik: CD R95 | Pretpak R20

AANBOD SLUIT  
18 MEI 2015!



Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area!  
Aanbod sluit 18 Mei 2015.

### Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Drie maats gaan see toe illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)